# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (11/16)

*Justin Chadwick 25 Maart 2016*

***"To improve is to change, to be perfect is to change often" Winston Churchill***

## SUIDER-AFRIKA SE SKATTINGS VIR 2016 UITVOERSEISOEN

Op 17 Maart het die Sitrusbemarkingsforum (CMF) van Suider-Afrika in Johannesburg vergader om die produsente se skatting vir die verwagte Suider-Afrikaanse sitrus te oorweeg. Hul het tot die gevolgtrekking gekom dat die bedryf in 'n goeie posisie is om hul markvereistes in 2016 na te kom. 'n Totaal van 111.2 miljoen 15 kilogram ekwivalente kartonne sitrus van Suider-Afrika, insluitend Zimbabwe en Swaziland word verwag om gepak en vir uitvoer goedgekeur te word in 2016. Dit kom neer op 'n afname van omtrent ses persent op laas jaar se oes.

Terwyl daar deur baie verwag is dat die droogte wat die land in 'n greep het, 'n massiewe effek sou hê, is die werklikheid dat die werklike gevolge van die voortslepende droogte eers in die 2017 uitvoer-oes gesien sal word. Die droogte in die noordelike sitrusproduksie areas van die Limpopo- provinsie en Mpumalanga het inderdaad laer skattings vir pomelo's en Valencia lemoene tot gevolg gehad, met verwagtinge van kleiner vrugte as die normale. Die groot Valencia lemoen- en pomelo-produksie area van Hoedspruit is die meeste geraak deur die hewige haelstorm, tesame met hul ellende weens die droogte. Hul verwagte Valencia-oes is met 36% af van die 3.3 miljoen kartonne wat laas jaar uitgevoer is, terwyl hul pomelo-oes na verwagting 42% laer sal wees. Op 'n positiewe noot ... die droë toestande lei tot soeter vrugte en oor die algemeen word verwag dat die gehalte uitstekend sal wees.

Pomelo opbrengste in die noordelike streke neig om siklies te wees en die effek van die droogte word vererger deur die feit dat dit 'n "af" jaar is. Die pomelo-produsente is egter vol vertroue dat hul in staat sal wees om met die beskikbare vrugte aan al die markte te kan voorsien, alhoewel die vrugte 'n halwe telling kleiner mag wees. Met lemoene wat sewe persent minder is, pomelo's wat drie en twintig persent af is, suurlemoene wat sewe persent op is en sagte sitrus wat twaalf persent op is, is die verwagting 'n algehele ses persent afname in uitvoervolumes in vergelyking met laas jaar. Dit is 'n aanduiding van 'n stabiele vooruitsig en 'n rede vir produsente en uitvoerders om versigtig optimisties te wees.

| | Valencias | Pomelo | Nawels | Suurlemoene | Sagte Sitrus | Totaal Sitrus |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2014 | 50.9 m | 15.6 m | 26.0 m | 13.2 m | 10.0 m | 115.7 m |
| 2015 | 52.7 m | 16.1 m | 24.5 m | 15.1 m | 10.0 m | 118.3 m |
| 2016* | 46.4 m | 12.4 m | 25.1 m | 16.1 m | 11.2 m | 111.2 m |

***2016 geskat:** *Neem kennis dat hierdie opsomming in miljoene van 15 kg ekwivalente kartonne is vir vergelykende doeleindes en sluit volumes van Swaziland en Zimbabwe in.*

## BEKENDSTELLING VAN DIE CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY (CGA GDC)

Te midde van groot opgewondenheid, kragtige toesprake, dans en sing, is die CGA GDC aan ander belanghebbendes op Vrydag 18 Maart 2016 bekend gestel. Dit is 'n waterskeidingsoomblik in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf, want gevestigde sitrusprodusente het die inisiatief geneem om die bedryf te laat groei deur nuwe swart toetreders tot die bedryf te ondersteun. Minister Zokwana was die hoofspreker en het die bedryf geluk gewens met sy toekomsvisie en gesê dat dit verblydend is om te sien dat die bedryf sulke inisiatiewe neem sonder om deur die regering gedwing te word. Die Minister het sy departement se ondersteuning aan die nuwe maatskappy se aktiwiteite belowe en die sitrusbedryf erken as 'n leier in sy landbou portfolio. Ook by die geleentheid was 'n hoë afvaardiging van DAFF amptenare – insluitend DDG's Elaine Alexander en Mooketsa Ramasodi. Voor die Minister se toespraak, het Dr Mono Mashaba (Voorsitter van die CGA GDC) almal welkom geheet. Hy het gepraat oor die verwagting wat geskep is deur die vorming van hierdie maatskappy en die belangrikheid vir almal om betrokke te raak en te groei om sodoende teleurstelling vir toekomstige begunstigdes te verhoed. Piet Smit (Vise Voorsitter CGA) en Hannes Hobbs (Voorsitter Citrus Academy, CGA Raadslid en lid van die Grower Development Chamber) het ondersteuning aan die maatskappy belowe. Piet het die nuwe maatskappy en die Minister van al die produsente se ondersteuning verseker en het passievol gepraat oor die versekering van stabiliteit in die sektor. Hannes het van die geleentheid gebruik gemaak om die Minister en ander belanghebbendes te versoek om ondersteuning te gee deur werk aan gegradueerdes van die Citrus Academy te verskaf wat dit moeilik vind om werk te kry. Lukhanyo Nkombisa (Algemene Bestuurder van die nuwe maatskappy) het hom uitstekend van sy taak gekwyt om die Minister voor te stel - dit beklemtoon sy reis tot aan die stuur van landbou in Suid-Afrika. Juliette du Preez het die formaliteite afgesluit deur die Minister te bedank vir sy teenwoordigheid in hierdie besige tyd vir die leiers van die land, en hom bedank vir sy bemoedigende toespraak – sy het sy slotrede beklemtoon dat wanneer daar oor die nuwe maatskappy gepraat word moet mense sê "Well done" en nie "Well said" nie – 'n oproep tot aksie. Sy het ook die reëlingskomitee bedank wat 'n onvergeetlike gebeurtenis moontlik gemaak het – veral is Sive, Jacomien en Candice bedank vir lang ure, deeglike voorbereiding en aandag aan detail. Melding moet ook van Khaya Katoo gemaak word wat die verrigtinge met 'n dankgebed geopen het.

En toe het die partytjie begin!!! Thabo Mdluli, die uitstekende MC vir die geleentheid het by die fantastiese orkes Afritude aangelsuit en 'n gewilde Seal nommer gedoen, terwyl studente, produsente en gaste (en selfs 'n paar swak dansers) dit op die vloer gewaag het.

Die partytjie is nou verby en Saterdag het die Raad reeds beraadslaag oor hoe om dit te laat werk!!

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**

justchad_cga